# OMGEE NUUS

## SONDAG 5 OKTOBER 2025

**Erediens 09:00**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Johannes 4:1-26 (2020 vertaling)
**Tema:** ‘n Ontmoeting by ‘n put

**Lief & Leed**
Johan Peyper, Elizabeth Eybers, sterk tuis aan na ‘n operasie.
**Verjaarsdae 80 en ouer**
Marina Greyvenstein, Crème de la Crème, verjaar 10 Oktober (81)

**KERMIS**
Die inkomste van die Kermis staan tans op R139 290.31. Daar is nog maalvleis en wors te koop @ R110 p/kg.

**AKSIE AFGETREDENES**
**Dinsdag 14 Oktober besoek aan Dirkie Harold se roostuin**
Ons het ‘n bus gehuur en moet **stiptelik 9 uur** van die Kerk vertrek
Elkeen vat sy eie eet en drinkgoed wat ons in die tuin gaan geniet, nadat ons die rose besigtig het. Ons versoek dat die persone wat wil saamgaan asseblief hul name by die Kerkkantoor sal opgee sodat ons die nodige reëlings kan tref.

**LINTBORDUURWERK**
Die 2 pragstukke is op die Nagmaal tafel uitgestal, kom maak gerus ‘n draai en kyk daarna. Daar is ‘n lys beskikbaar waarop jy ‘n aanbod kan maak. Aanbiedinge is oop tot Vrydag 17 Oktober.

**POEDING SKEPLEPELS**
Daar is ‘n paar poedinglepels, van die mense wat help poeding skep wat agter gebly het. Die lepels is op die kas in die kombuis, waar dit afgehaal kan word.

**2DE HANDSE SKOOTREKENAAR**
Thabo wat werksaam was by die Kerk en intussen oorlede is, se dogter studeer tans. Haar studies vereis dat sy ‘n skootrekenaar moet gebruik. Indien iemand dalk kan help, kontak die Kerkkantoor of ds Riaan Stander.